Soos Die Arend Haar Nes Opwek

. . . om in evangelistiese diens in te gaan. En ek reken baie van julle hier onthou die tyd toe ons gegaan het. En ek het daardie oggend gepreek oor die onderwerp van *Dawid Wat Goliat Ontmoet*. En hoeveel is hier wat oor is van die groep wat daardie môre hier was? O, 'n aantal van julle. *Dawid Wat Goliat Gaan Ontmoet Het*, omtrent elf jaar gelede. En dit het begin . . .

2 Dis waar ek die eerste keer begin het, en daarna het Broer Freeman, Broer Oral Roberts, en Broer Allen gekom, en—en baie van die . . . En Billy Graham het daarna gekom, natuurlik, Billy Graham het nie die kant van genesing gekies nie, hy het net die evangelistiese kant van die Evangelie van verlossing gepreek. En so is dit begin net volgens wat die Here daaronder gesê het die dag toe Hy verskyn het by die rivier.

3 En nou, ek het net nog nooit my vrou of enige persoon *hierdie* vertel nie. Hierdie is net . . . Ek het net hierdie gelos vir vanmôre om dit voor die kerk te sê. Dit was nog die heeltyd asof ek nie in staat was om, skynbaar, 'n punt of 'n plek te vind as 'n beginpunt nie. En ek sou nooit wou sê: "Wel, gaan doen *dit*, of *my* groot dienste, of *my dit* of *dat* nie." Ek sal altyd, liewer, net eenkant staan en klein wees, en die wil van die Here doen. Maar, nou voel ek dat eenkeer uit hierdie elf jaar, dat ek nou die punt bereik waar ek sien wat ek glo die Here gaan doen. Wat my, waarvoor ek hier is. En ek is sonder enige selfsug, of met alles wat in my hart was om te gaan en die Here te dien, en te probeer om die Evangelie te bevorder net so—net so hard as wat ek kan, om alles te doen wat ek kan.

4 Nou, moes die babatjie hier toegewy word? Ek het gedink miskien as ek dit genoem het, ek dink . . . Dit was nie, Broer—Broer Neville? Nou, my dogtertjie wou wag van die Sondagskool af om die babatjie toegewy te sien word, en dis hoekom ek nie die kinders verdaag het na hulle klasse toe nie. Goed, die kleintjies kan, nou, teruggaan na hulle klasse toe. Mev. Arnold, hulle onderwyseres, en—en vir die . . . gaan agtertoe. Goed. My klein Rebekah het vanmôre gesê, gesê, hierdie babatjie is haar oom se kleintjie, julle weet, so dit . . . sy wou sien dat dit toegewy word, maar ek reken hulle is nog nie hier nie, miskien 'n bietjie later.

5 Nou, onmiddellik na die—die Evangelieboodskap, dan gaan ons vir die siekes bid. En ek—ek vertrou God dat Hy dit sal doen. Ek beplan nie om baie lank te praat hieroor nie, want ek wil 'n bietjie tyd bestee aan die siekes, om te bid vir die siekes.

6 Nou, ek wil ’n gedeelte hier neem van die lees van die Woord van ons goeie broer en vriend, Broer Collins. Ek wil graag ’n gedeelte van hierdie Woord neem, die 11de vers van die 32ste hoofstuk van Deuteronomium, die eerste reël:

En *soos* die *arend haar nes opwek,* . . .

7 Ek wil dit graag probeer benader van ’n . . . vanaf die standpunt vanmôre van die voël self en dit vergelyk met die kerk. Nou, voor ons in die diens ingaan, hierdie deel, laat ons net ons hoofde ’n oomblik buig vir gebed.

Broer Tony Zabel, ek wonder of jy net ’n woord van gebed sal doen op God se Woord, as jy sal, Broer Tony. [Leë kol op band—Red.]

8 Die arend is een van die—die voëls waarvan ek hou om van te praat en dit . . . hy is beslis ’n meesterstuk. En baiekeer, het ek gewonder hoekom die Here hierdie groot voël vergelyk het met Sy erfenis.

9 En deur die natuur te bestudeer, en dis, was, die natuur was my eerste Bybel. Ek hou daarvan om God dop te hou in Sy natuur. As julle eenkeer kan sien, na die berge toe gaan en kyk hoe groot hoë berge, en die verskillende soorte bome, en soos hulle die heelpad gaan na die dwergspar, en afkom deur die kerwel, na die berkehout, en verder af na die hardehoutsoorte, en uit in die woestyne. Sien, die klein bergies, die groot berge, die woestyne, die grasvlaktes, die seë, kan jy ’n—’n baie goeie begrip kry van wat God is, waarvan Hy hou.

10 Ek hou daarvan om te gaan na daardie ongeskonde plek, waar dit nog nooit aangeraak is deur die mens nie, net om te sien hoe God daarvan hou. En daar’s iets onder in die menslike hart wat verlang om daardie plekke te sien. Baie sal vakansies neem, en na plekke toe gaan, en besigtigings doen. En dis wonderlik om dit te doen: om die verandering te sien, die sonsondergang, soos dit bo-op die heuwel sit, of uit die vallei. En dis wonderlik om dit te sien.

11 En as, ’n man wat vir God ken, of die persoon wat vir God ken, en God woon in hulle hart, dan sal hulle meer geneig wees om daardie dinge te geniet as die onbekeerde persoon; want die einste God wat die aarde gemaak het het Homself in hierdie hart ingebring om Sy Eie skepping te geniet, wat Hy gedoen het.

12 En baie ondervindings wat ek gehad het in die berge ensovoorts, en in die woestyne, en ek, o, ek sou nie enigiets verruil vir hulle herinneringe nie. Om dop te hou die . . . die uitroep van die wolf te hoor. Ek kan net ’n wolf hoor huil, en huil soos ’n babatjie.

13 En hoe, baiekeer in die berge, toe ek net ’n seun was wat op ’n beesplaas gewerk het, en—en die beeste bymekaar gemaak het, na ons weggery het in die oggend wanneer die eerste ry omtrent

vieruur sou vertrek om deur te gaan, soveel beeste gesoek het. Hulle gaan die heelpad na die boonste gebied toe. En baiekeer, uitgery na die . . . op die eerste rit van die oggend, net 'n seun en kon, miskien, 'n bietjie beter deur die ruigtes kom as die ouer manne, dan sou ons soveel beeste aanjaag vir, miskien, vyfhonderd treë. Dan vertrek die tweede groep om vyf, sesuur, en hulle jaag aan tot omtrent tienuur, en hulle tel hulle op.

14 En uiteindelik, in die aandtyd, is die vallei vol beeste. Dan sit hulle 'n man daar, die waens gaan verder, hulle hou hierdie beeste dop. Dan, wanneer al die berge deursoek is, jaag hulle die een vallei in die ander een in, en buite in die velde in vir die . . . buite in die grasvelde in vir wat ons die afsny noem, elke man wat sy beeste moet afsny.

15 Gaan op in die berge, alleen, vroeg in die oggend, om die krete van die wilde voëls en die geroep van die prêriewolf wanneer hy inkom: vir my, is daar iets Hemels daaraan. Elke skepseltjie van God wat sy bekende geluid maak vir sy maat. Daar iets daaraan, en ek het, baiekeer, verwys daarna, soos Dawid gesê het: "Wanneer die diepte roep na die diepte."

16 My seun, Billy, hy het gister vir my vertel, hy wou weet waar hy drie gelling swartbessies kon weggee. En ek het gesê: "Waar is hulle?"

Hy het gesê: "Ek het hulle nog nie gepluk nie."

En ek het gesê: "Wel, hoekom wil jy hulle weggee?"

17 Hy het gesê: "Pappa, ek hou net daarvan om na die swartbessiebos toe te gaan, baie vroeg in die môre, en die swartbessies te pluk. Maar ons gaan weg en het geen manier om hulle in te lê of enigiets nie." Hy het gesê: "As ek net iemand kan kry vir wie ek hulle kan gee, sal ek hulle gaan pluk."

Ek het gesê: "Hoekom wil jy hulle pluk?"

Hy het gesê: "Ek hou net daarvan om vroeg daarbuite in die swartbessiebos te wees."

18 Ek ook. Ek . . . net om daar in te gaan, iets vars, al die sonde het gaan lê oor die aarde en op een of ander manier, is die kamferfoelie net 'n bietjie soeter vroeg in die oggend. Die rose, omdat die—die parfuum van die roos afsak in die vallei, en dit daar hang tot die windjie opkom en dit wegwaai, ensovoorts. Dit spreek hiervan: dat dit alleen was.

19 Wat 'n pragtige ding is dit vir iemand om alleen in die Teenwoordigheid van God te wees, net alleen te sit. Nie die kerk te maak nie, net wanneer jy kom, om te bid by die kerk, dit jou enigste gebed te maak. Alleen met God te wees.

20 En een van my groot studies was, wanneer alleen, hoog in die berge, omdat ek hulle so liefhet, is die arend. En ek het al partymaal gewonder deur na hulle te kyk deur daardie

groot verkykers, en hulle gewoontes ensovoorts, hoe God ooit Sy erfenis vergelyk het, dit is Sy Kerk, Sy mense, met 'n arend?

21 Deur die arend te bestudeer uit die boek standpunt, het ek geleer dat daar in Palestina alleen, veertig verskillende soorte arende is. Party van hulle is aasvoëls, party is die gewone vleisetende arend. Maar die woord *arend*, self, beteken "een wat met die snawel voer."

22 Nou, ons sal dit net vir 'n oomblik neem. "Een wat met die snawel voer." Met ander woorde, hy voer met sy bek, sy kleintjies. En dis 'n goeie ding, om God dan met die arend te vergelyk, want God voer Sy Kerk met Sy Woord. Sy Woord kom deur Sy mond. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond, snawel, uitgaan, uit die mond van God." God voed Sy Kerk met Sy mond. Ons siele word onderhou deur die Woord van God. Hoe pragtig is dit vir die arend.

23 En die volgende ding is die arend, dat hy so 'n—'n spesiale voël is. Daar is nie een soos hy êrens in die hele voël-familie nie. Daar is niks wat kan sweef soos 'n arend nie. Hoe ek hulle dopgehou het tot hulle heeltemal buite bereik van my verkyker gegaan het, net verder op in die lug tot sy hoogste en hoogste.

24 Jy hoor baie van die valk, en die valk-oog. O, hy's 'n amateur teen die arend. Hy kan daardie arend net so min volg as wat 'n Model T Ford een van die modernes kan volg. Wel, hy's so ver voor daardie valk. Die valk saam met hom in die lug sou probeer opgaan, sou die valk sterf. En die valk se oog kan glad nie vergelyk met die arend nie.

Nou, hy moet 'n spesiaal gemaakte liggaam hê, want na hy so ver gegaan het, kan hy nie lewe nie, sy asemhaling sou afgesny word.

25 Ek het baiekeer mense dopgehou, deur hulle uit te neem op 'n jagtog. Broer O'Bannon, ek glo hy mag dalk daaragter wees vanmôre, 'n Metodiste prediker van Louisville. Aan die opgaan oor Berthoud Pas, sodra hy daarbo kom, lyk dit asof hy net gaan sterf.

26 My skoonpa, Mnr. Brumbach, toe hy uit die—die treinwa uitgeklim het (Hulle het hom na Pikes Piek toe geneem.), het hy net onmiddellik vooroor geval, gedink hy sou doodgaan. Die rede daarvoor was dit: dat sy liggaam nie gewoond was aan daardie hoë hoogte nie. So toe hy van die trein afgeklim het, het hy net vooroor geval.

27 Mnr. O'Bannon het bo-oor 'n heuwel gegaan, nie veel hoër as een van die Bulte hier nie, en gaan sit, en van die berg afgegly. Hy het gesê hy het net gevoel asof hy gaan doodgaan.

28 Broer Morgan, ek reken hy's daaragter, Suster Morgan se man, ons was hoog in die berge, omtrent negeduisend voet, en het 'n tent opgeslaan. Hy het pas van 'n wa afgeklim. En hy het

my aan die voete beetgekry, hy het gesê: "Hier, Billy, ek sal jou regop hou om 'n nokpaal styf te trek." En terwyl hy my regop gehou het, het hy gesê: "Wag 'n bietjie. Wag 'n bietjie." En ek het baie vinnig grond toe gespring en hom gegryp. Hy het *so* gegaan met sy hande op, en ek het hom gevang so goed as wat ek kon. Hy's 'n groot man. En ons het so pas 'n paar sakke hawer daar neergesit (Ons het 'n klomp perde gehad.), en Bill se kop daarop neergelê, tot hy bygekom het. Ek het geweet dit was hoogte. Hy het gesê: "Dit het vir my gelyk asof ek net uitgaan oor daardie valleie soos daardie."

Wat was dit? Hy is grootgemaak hieronder in die laaglande. Dit was die eerste keer wat hy ooit bo in 'n sfeer soos daardie was.

29 So, daarom, let manne wat in daardie land grootgemaak is, dit nie op nie, omdat hulle geakklimatiseer geraak het daaraan. Hulle asemhaling, hulle alles word net natuur daarvan, omdat hulle daarin woon.

Dis hoekom die arend 'n spesiale liggaam moet hê, want hy kan so hoog gaan dat 'n ander voël hom nie kan volg nie.

30 O, hoe tipies is dit van die Kerk van die lewende God: Woon in 'n atmosfeer, woon in 'n plek wat ver verhewe is bo enigiets van hierdie aardse reis. Woon in 'n plek waar alle dinge moontlik is. Woon onder so 'n atmosfeer dat hulle glad nie meer na die dinge van hierdie wêreld kyk nie, maar hulle is opgeraap en sit in Hemelse plekke in Christus Jesus. Dit verg 'n spesiale . . . God moet iets doen om hierdie soort liggaam te ontwerp.

31 Nog iets van die arend is dat hy sulke sterk vlerke het. Partymaal wat jy daardie stroom tref net bo 'n sekere sfeer, is die stroom so sterk, as die valk sou probeer volg, kan dit sy vere reguit uit hom uitpluk, omdat die stroom so sterk is. En dan kan dit die valk se vlerke reguit terugvou; en as dit sou, sou hy onmiddellik na die aarde toe val en doodgaan. So, as die arend in daardie plekke moet ingaan vir, om te lewe, moet hy ontwerp wees om soontoe te gaan.

32 En as die Christen ooit lewe in die Hemelse plekke, moet dit God se Eie ontwerp van Sy Gees wees om hom in daardie Hemelse plekke in te dra waar die winde hom nie sal skud of sy vlerke afskeur nie. Daardie twee groot sterk vlerke wat die arend dra, verteenwoordig God se Woord. Maar ons . . . arend het twee vlerke, en daardie twee vlerke verteenwoordig die Nuwe en Ou Testament.

33 Sterk vere; probeer eenkeer een uittrek. O, jy neem 'n tang en sit jou voet daarop en trek dit uit, want dit moet so ontwerp word: sterk.

34 Dan het God, weer, die arend vergelyk, omdat hy so hoog was, so hoog kon gaan, het Hy hom vergelyk met Sy profete. Hy noem Sy profete die arend want die arend kan so hoog gaan, hy kan so ver weg sien. Nou, hoe hoër jy gaan, hoe verder kan jy sien. Dan

as sy oog nie ooreenstem met sy vermoë om hoog te klim nie, dan sou sy hoog klim, sou hy blind wees. Maar die arend moet 'n oog hê om te pas by sy vermoë om hoog te klim.

35 O, as die kerk net die arendsoog kan hê, om in staat te wees; nie 'n natuurlike oog wat aardsgebonde is nie, maar 'n geestelike oog, wat ver kan sien. Ek het altyd daarvan gehou om daardie ou lied te hoor wat ons altyd hierrond gesing het:

> Deur geloof sien ek dit daar ver;
> Want ons Vader wag aan die ander kant,
> Om ons woonplek daar te berei.

36 En die wedergebore persoon wat opklim in hierdie atmosfere en stratosfere kan, deur geloof, ver oorkant toe kyk en die almag van God sien en elke Woord 'n werklikheid noem. Hy is ontwerp om te klim. Deur gebed beweeg hy aan, aan, tot hy daarbo is. Dan as hy nie ontwerp is om te sien nie, wanneer hy daarbo is, speel hy net.

37 Dis waarin ons kerke soveel misluk het vandag: om te dink dat die seëninge van God net is om te dans, of te skree, of so-iets te doen; dat genesing net eenvoudig iets is om ons weer buite in die wêreld te kry.

38 Wanneer ons in hierdie stratosfere ingedra word, gee God vir ons 'n oog om ver te sien, dat dit die Vader is, dat Sy liefdevolle genade vir Sy kinders, Sy nageslag, is om hulle 'n voorsmaak te gee van iets baie groter wat kom. Ja!

Ons het altyd daardie salige ou lied gesing:

> Blye versekering, Jesus is myn!
> O, watter voorsmaak van heerlikheid rein!
> Erfgenaam van verlossing, gekoop deur God,
> Gebore uit Sy Gees, gewas in Sy Bloed.

39 Dis die regte arend van God wat kan wegsweef soontoe, nie net om te speel nie, maar om ver te sien. Dink aan daardie profeet Nahum, net omtrent vierduisend jaar gelede; eendag, het daardie groot arend van God opgestyg.

40 En nog iets, die arend klap nie sy vlerke om te vlieg nie. Die arend stel net sy vlerke en hy's net 'n gemaklike voël wanneer hy sy voete van die grond afkry. Hy spring net en klap 'n paar keer, dan net genoeg om die wind onder sy vlerke te kry, dan swoeg en sukkel hy nie. Hy spring nie meer nie, hy klap ook nie meer sy vlerke nie. Hy stel net sy vlerke en laat die lugstroom van die aarde, soos dit draai, hom opdra.

41 Dis hoe dit is met die ware gelowige, hy spring nie van kerk tot kerk en herwaarts na derwaarts en hardloop by die Metodiste, die Baptiste, en die Pinksters, en die Nasareners, van plek tot plek in nie. Hy neem net Christus as sy Verlosser, en stel sy vlerke in die Woord van God, Wat hom voed met Sy mond, en hy seil

opwaarts, en rus net. Sy vlerke is sterk, hy hoef nie te klap nie. Hy is sterk, hy beweeg nooit ’n veer nie.

42 O, daardie meester van die lug, hulle neem net daardie vere en laat hulle sak, en vang daardie wind, en ry net weg. En hoe hy dit kan doen.

43 Daardie groot arend genaamd Nahum, vierduisend jaar gelede, het so hoog opgegaan in die Gees van God tot hy Buitenste Rylaan in Chicago gesien het, vierduisend jaar later. Gesê: “Die strydwaens sal langs die paaie raas: soos bliksemstrale jaag hulle, hulle voorkoms is soos fakkels, hulle bots teen mekaat.”

44 Hoe daardie profete soos hoog gegaan het dat hulle dinge ver vorentoe gesien het wat sou kom. As hierdie plek nooit lig was nie, geen son ooit op hierdie kontinent was nie, en jy hoog genoeg in die lug kon opgaan om die son oorkant in een of ander land te sien en dit hiernatoe sien beweeg het, kon jy weer afkom en sê: “Eendag sal daar plantegroei wees. Daar sal die ander goed wees. Hierdie sou ’n kaal plek wees, maar sodra die son kom, kom daar plantegroei daarmee saam.” En hulle. . . jy kon dit sien. En dan, wanneer die son uiteindelik hier aangekom het, sou die goed wat jy in die verte gesien het, hier wees.

45 Dis wat God met Sy profete doen. Hulle styg op, en hy weet, want deur geloof het hulle gesien daar kom ’n dag wanneer sonde verby sal wees, wanneer daar geen siekte, of hartseer, meer sal wees nie. Dood en hartseer sal wegvlug en daar sal geen plek vir ouderdom wees nie. Daar sal geen plek vir roubeklaers wees nie, daar sal geen begraafplase wees nie, daar sal geen teleurstellings wees nie. Die arende van God het so hoog gevlieg in die stratosfere van God tot hulle daardie dag sien kom het en hulle het weer teruggeval en dit neergeskryf in hierdie Bybel. En op ’n manier, wanneer jy in daardie sfeer inkom, kan jy voel dat daar iets kom, iets gee ons ’n honger.

46 Gisteraand, het ek op die stoep gepraat met ’n Mnr. en Mev. Kelly, wat ’n familielid van Broer Neville is. En ons het oor die opstanding gepraat. Ek het gesê: “Jy let daardie voëltjies op, selfs soveel soos wat hulle sing.” En ons het klaar gepraat oor die vissie daaronder op die rivier nou die dag, wat lewendig geword het. Soos waarvan ek julle vertel het, ek dink die laaste keer hier toe hy, Broer Lyle, wat daaragter sit, die derms uit sy mond uitgetrek het en hom in die water gegooi het, al ’n halfuur lank dood was. En toe die Heilige Gees gekom en gesê het: “Spreek,” en ’n klein, onbeduidende vissie het sy lewe ontvang en omgedraai en teruggeswem na sy geliefdes toe, omdat die oneindige God daar was.

47 Hy is besorg oor alles wat Hy geskep het. Tog, het daardie vissie nie ’n siel nie. Daardie vissie kan nie begeer om Hemel toe te gaan nie. Die dier, die perd, die—die koei, die hond, die ander

diere, hulle het geen begeerte vir lewe hierna nie, want hulle het nie ’n siel nie. Maar dis mans en vroue wat siele het, wat verlang na iets anders. Daardie salige dors wat God daarin gesit het, is om te dors na Hom.

O, ’n arend is ’n wonderlike voël, vergelyk met God se erfenis.

48 Omtrent twee jaar gelede, dink ek was dit, het ek en my vrou, en my skoonma, baie van ons was daarbo om die dag by Cincinnati Dieretuin te spandeer. En ek het rondgeloop saam met, ek dink dit was Sarah, op daardie tyd, die klein dogtertjie, aan die rondloop om haar stil te hou, haar na die grondhond laat kyk, en die—die eekhorinkies en die verskillende diere.

49 En ek het by die hok gekom waar die voëls was, en my aandag was op ’n groot hok gevestig, yslike groot hok, en ek het die verskriklikste, mees jammerlike geluid gehoor wat ek nog ooit gehoor het. Toe ek soontoe gegaan het, het ek ’n groot arend gevind wat gevang was deur die geslepenheid van die dinge van die mens. Hulle het ’n strik gestel, en dit het hom gevang, en hulle het hom in die hok gesit.

50 En daardie groot kêrel sou oorstap na die een kant van die hok, hy sou ’n aanloop kry met daardie groot kragtige vlerke, hy sou homself teen daardie ysterstawe slaan tot dit amper sy intelligensie, sy sintuie, uit hom uitgestamp het. Hy het dit geklap met al die krag wat hy gehad het om homself te probeer bevry, net om te vind dat dit hom weer tot in die middel van die vloer sou terugslaan. Die hare en pels op sy kop was afgeslaan. Hy het oral gebloei. Sy groot vlerke, op hulle punte, was geslaan tot hulle rou was van net homself aan te dryf om daardie hok te tref om homself te bevry.

51 En ek het ’n bietjie daar gestaan, die dogtertjie opgetel in my arms, ek het gedink: “O, God, wat ’n gesig.” ’n Arend, ’n hemelse voël en hoe sy huis nie op die grond is nie, sy huis is in die lug. Hy’s nie ’n aardsgebonde skepsel nie, maar die geslepe dinge van die mens het hom gevang, en maak nie saak hoeveel hy probeer het om homself te bevry nie, hy kon dit nie doen nie. En hy het eenvoudig sy brein stukkend geslaan, as’t ware, teen daardie ysterstawe.

52 Ek het gedink: “Is dit nie waar nie: dat die mens wat julleself wil bevry van hierdie geslepe dinge van Satan, deur by die kerk aan te sluit, of te probeer doen wat julle ook al doen, julle slaan net julle brein stukkend.” Jy kan dit nie doen nie. Jy is opgehok, en jy’s gevang, en jy kan net so min jouself bevry as wat daardie arend kon. Dit neem ’n groter Hand as joune om die bevryding te doen. Dit neem ’n groter Hand as jou pastoor of enige denominasie; net die hand van God kan dit doen.

53 Toe het ek daardie groot arend gesien, na hy soveel keer probeer en misluk het, het hy agter op sy kop geval soos *daardie*, en hy het daar gelê. Ek het hom dopgehou, bebloed; sy moeë

oë soos hulle boontoe gekyk het, deur daardie lug gesweef het. Dis waar hy veronderstel was om te wees, maar tussen hom en sy vryheid was stawe waarby hy nie kon verbykom nie. Ek het gedink: "Is dit nie 'n jammerte nie? Om daardie hemelse wese, voël, te sien, gebore vir daardie atmosfere en stratosfere, en dan hier opgehok te wees vir die res van sy sterflike lewe." Ek het gedink: "Dis 'n droewige gesig."

54 Maar o, ek het erger gesigte as dit gesien: Wanneer ek mans en vroue sien, wat gebore is om seuns en dogters van God te wees en hulle is opgehok en loop rond in hierdie wêreld, vasgevang in sonde en gevorm in ongeregtigheid, wat rondloop op hierdie aarde om te probeer om hulle verlange te bevredig met een of ander wêreldse plesiere.

55 Ek bedoel nie om 'n opmerking te maak of enigiets sleg te maak nie. Ek sê net hierdie: Nou die dag toe ek net teruggekom het van Chicago af, was ek onder in Springstraat saam met my vrou. Sy het klere gekry vir die kinders om na Kanada toe te dra.

56 En 'n moedertjie het in die straat af gekom. En die manier waarop daardie dametjie aangetrek was, met 'n baba op haar arm, dit was verskriklik vir menslike wesens. En ek het gedink: "Die arme vroutjie, waarskynlik een of ander man se liefling, die moeder van daardie kosbare babatjie; en met 'n sigaret in haar mond, die as wat oraloor die babatjie waai." En ek het gedink: "'n Vrou wat 'n koningin in een of ander huis kan wees, 'n huis wat rustig en lieflik kan wees, maar, sonder twyfel, in plaas van die Bybel, was sigarette bo-oor alles, bier regoor alles, en stryery en jaloesie."

57 Is omdat hulle opgehok is deur omstandighede: Radio, televisie, ongesensorde programme, liefdesverhale, en dinge van daardie aard het die verstand van die Amerikaanse mense oorgeneem. En hulle het slawe geword van die moderne samelewing, wanneer hulle gebore is om seuns en dogters van God te wees.

58 Ek het eenkeer ingegaan in 'n inrigting vir kranksinniges, en jong dames daarbinne gesien wat . . . Ek het saam met 'n moeder ingegaan na 'n vroutjie toe. En die da- . . . jong meisies, hierdie jong dame, sekere een, het die bedpan gebruik, om haar gesig daarin te was. En ek het gesê: "Wat het gebeur?"

59 Sy was geroep tot die diens van God, maar sy het deurmekaar geraak. Een of ander seun het gekom, 'n gladde kêreltjie, en haar in 'n hok van wêreldsheid gegooi, en daar was sy, gevang en het haar verstand verloor, haar verstandelike vermoëns, en was in 'n inrigting.

60 'n Paar dae gelede, saam met 'n ander plaaslike prediker gestaan in 'n huis waar 'n pragtige meisietjie, 'n dokter se dogter, wat was . . . omtrent baie van haar lewe spandeer het, vroeë, haar hele lewe tot sy dertig of vyf-en-dertig jaar oud was, pragtige

meisie. En haar moeder het my gebel en gehuil, en dit was 'n pragtige meisie.

61 En om te sien dat een of ander moderne skeptiese wetenskaplike daardie lieflike kind beetgekry, en gesê het: "Wil jy vir my sê jy is nooit deur 'n seun gesoen nie? Jy weet nie wat jy gemis het nie." En hy het begin om haar verstand te plaas om oor daardie dinge te dink en daardie kosbare arend opgehok.

En haar dierbare ou moeder het my hand op die stoep geskud, en gesê: "Deur God se genade, sal sy verlos word." En sy sal.

Maar om te vind dat daardie arend van God, wat in die onsigbare hemele gesweef het, in so 'n strik gevang kon word. Die stad is vol van hulle vandag.

62 Mans en vroue wat vry gebore is, wat gebore is om seuns en dogters van God te wees, om bo sonde en weg van sonde af te lewe, wat fuif in die kroeë en dansvloere, omdat 'n web, soos 'n spinnekop, om-en-om hulle gedraai het tot hulle hulle in daardie ding gevang het: op ongesensorde programme; die skole en ateïstiese leer; en al die moderne dinge van die duiwel; en jammer om dit te sê, maar baiekeer, die moderne kerk, wat hulle laat los word, enigiets doen wat hulle wil solank hulle net aan die kerk behoort.

63 Laat ek vir jou vertel, my dierbare, geliefde vriend, daar's net een manier om te behoort aan die Kerk van die lewende God. Dis nie om daarby aan te sluit nie, dis om daarin gebore te word. 'n Natuur word verander, en al die ou dinge, dan is jy vry.

64 Nou, God het Sy erfenis vergelyk met die arend, want nog 'n ding wat die arend doen: Die arend bou haar nes baie hoog. O, ek het al so baiekeer van my perd afgeklim, en dit aan 'n boompie vasgebind, en my verkyker gekry, en die lug deursoek om die arend te kry, net om hom te bestudeer daar hoog bo in die Rotsgebergtes. En die arend bou sy nes net so hoog as wat hy dit kan bou. Hoekom? Dis vir veiligheid en beskerming. Hy is so hoog dat die roofdiere nie by hom kan uitkom nie. Die prêriewolf wat by die arend se nes probeer kom, sou sy nek breek.

65 O, dis hoekom God Sy Kerk met die arend vergelyk het, omdat die arend se nes, wat die Kerk is, ver bokant die sorge van hierdie wêreld gebou is: buite die gevaarsones; anderkant die Bloed; waarby die moderne sluipende roofdiere nooit kom nie. Hy het gesê: "Julle is 'n stad wat op 'n berg lê, 'n kers wat aangesteek is in die kamer." O, iets, die Kerk van die lewende God is hoog gebou, op hoë ambisies.

66 Wanneer ek hoor van 'n kerk wat nie enige ambisie het om te groei nie, is daar iets verkeerd met daardie kerk. Die Kerk van die lewende God het 'n hoë ambisie.

67 En nog iets: Die Kerk van die lewende God is hoog gebou want dit het hoë vooruitsigte en verwagtinge. Sê: "Wel, ons

behoort aan die kerk. Ons vader het jare gelede in hierdie kerk gedien." Dit mag goed wees, maar die Kerk van die lewende God kan nie stilsit nie. Sy ambisie is om hoër, verder, te gaan.

68 Ons sien die blindes genees word vandag. Ons kyk môre uit vir die dooies om opgewek te word. Wanneer ons die natuur Sy Stem sien gehoorsaam, dan soek ons na die Koms van Christus. Sy ambisies is hoog. Sy vooruitsigte is hoog. Sy verwagtinge is hoog. Dis hoog gebou. Dit staan as 'n gedenkteken.

69 Die Christen by sy werk sit op 'n heuwel. Sy ambisies is hoog: om sy baas of iemand anders na Christus te lei. Dis reg. Sy verwagtinge is hoog: dat God hom, iewers, 'n kans sal gee om met iemand te praat.

70 Die arend plaas haar nes hoog, en sy wag vir die geleentheid, en haar kleintjies word gebore, en hulle is veilig wanneer hulle gebore word.

71 En die Kerk van die lewende God, wat hulle ambisies op die hoogste spits bou, op die mees vaste Rots, Christus Jesus, wanneer hulle kleintjies gebore word in Christus, is hulle veilig. "Die Naam van die Here is 'n sterk Toring: die regverdige vlug daarin, en is beskut." Beslis.

72 O, sy's 'n sterk voël. Maar nietemin, daar's baie dinge wat ons oor haar kan sê. Maar daar kom (nou, na die teks), daar kom 'n tyd na haar kleintjies gebore is, of, hulle uitgebroei is. Die arend lê 'n eier, en haar babatjies word uitgebroei. Hulle is klein, wit, wollerige kleintjies. En die ma voer hulle met haar snawel tot hulle groterige voëls is. En sy hulle het, gaan sy af en kry haar prooi. Sy kom weer op om haar kleintjies te voer.

73 Hoe anders is dit as die hoender. Die aardsgebonde hoender maak sy nes op die plaaswerf, 'n oop gat vir enige ou wesel of enigiets wat verbykom.

74 Ek vergelyk dit met hierdie wêreldse kerk van vandag, wêreldse mense van vandag: Hoe hulle net sê: "O, wel, bring hulle in, doop hulle, sit hulle naam op die boek." Hulle is die oop soort, nie 'n arend nie. Nee, meneer. Die arend sal dit nie doen nie. Jy mag in die kerk ingeneem word en kan kortbroek dra, en—en drink, en rook, en aangaan. Jy mag die ou hen van die kerk kry om dit vir jou te kloek, maar nooit 'n moeder-arend nie. Sy neem jou verby dit.

75 O, sê jy: "Die hoender is ook 'n voël." Ek weet dit. Maar hy's 'n aardsgebonde aasvreter. Dis reg. Hy weet niks van die hemelse nie. Hy was nog nooit daarbo nie, so hy bou net sy nes hieronder; en vreet mekaar op. Maar die arend dink beter as dit.

76 Dan wanneer haar kleintjies gebore word, dit is, die moeder-arend, breek daar 'n tyd aan dat daardie moeder-arend vasbeslote is dat haar arendjies nie soos hoenders gaan wees nie. O, ek hou daarvan. Ek hoop hierdie sink in. Daardie moeder-

arend is vasbeslote dat haar babatjies nie sal optree soos die res van daardie hoenders, daardie voëls wat aardsgebonde is nie. Sy moet vir hulle 'n ondervinding gee.

77 Dis hoe Christus teenoor Sy Kerk is. Daar's iets meer as net by die kerk aansluit, aan 'n denominasie behoort. Daar's iets meer as om net 'n goeie burger te wees. Beslis. Christus is hier, soos die moeder-arend, om toe te sien dat julle dit kry.

78 En die moeder-arend is toegerus om na haar kleintjies om te sien en te kyk dat hulle ondervinding reg is. So, daar kom 'n tyd wanneer daar 'n opwekking in die nes kom.

O, God, stuur vir ons 'n opwekking in die nes.

79 Die arend is veronderstel om 'n voël te wees wat sy jeug hernu. Elke nou en dan, maak nie saak hoe oud hy is nie, verander hy weer in 'n jong voël, nie in—in jare nie, maar in sy fisiese samestelling. Hy hernu sy jeug. Die Bybel het gesê hy het. "U sal sy jeug hernu, soos die arend." Hy hernu sy jeug.

80 Wat 'n pragtige tipe is dit van die Kerk wanneer ons swak, gedaan, afgebreek is, om in te gaan en ons krag te hernu; en op te styg soos die arend bokant al ons sorge en modes en dinge van hierdie wêreld.

81 Dan, let ons weer op, dat hierdie ou moeder, een wonderlike dag kom daar 'n tyd wanneer sy dink die nes behoort opgewek te word. Sy hardloop in; lyk of daar iets verkeerd is met haar. Sy kyk na haar babatjies; sy ondersoek hulle. O, hoe ek gelê het met verkykers en hulle dopgehou het.

82 En sy gaan in, meteens sit sy op die nes, sy skree. Wat doen sy? Sy leer vir daardie kleintjies haar eie roep. "My skape ken My Stem." Daardie kleintjies was nog nooit uit daardie nes uit nie. Hulle het die heeltyd net daar op daardie plek gewoon.

83 So die ding wat sy doen, waar die Bybel na verwys, sy wek haar nes op. Sy sit op die nes terwyl sy skree, of, op die rand van die nes, en sy neem daardie groot vlerke en sy klap hulle heen-en-weer, en sy stuur 'n rukwind bo-oor hulle. Wat doen dit? Waarom doen sy dit? Dis om elke los veer weg te blaas.

O, God!

84 Sy maak gereed om hulle op hulle eerste toetsvlug te neem; hulle uit die nes uit te neem. En as daar ooit 'n tyd was wat die kerk uit die nes behoort uit te kom, is dit nou. En daardie twee groot Vlerke is die Woord, sy gee vir hulle die Woord, en deur die Woord kom daardie geweldige rukwind soos dit was op die dag van Pinkster. Dit waai al die los vere weg; al die dinge van die wêreld waaraan jy vasgehou het, vervaag net wanneer daardie magtige rukwind deur die Woord afkom. Waai elke los veer weg, elke ismetjie, elke fanatismetjie, elke dingetjie van die wêreld, dit trek dit los, elke veer; want daardie los vere, wanneer jy daarbo kom, sal uitvind dat dit jou dood sal veroorsaak.

En los lewe in die kerk veroorsaak geestelike dood in die kerk.

85 Moeder is vasbeslote dat haar babatjies toegerus is om op te gaan. Onthou hulle het nog nooit vantevore wind gevoel nie, hulle is arende. Hulle is gebore in die skeur van die rots. Ek hou daarvan.

God het gesê: "Ek sal jou laat skuil in die skeur van die rots." Die skeur in Sy sy. "Ek sal jou daar laat skuil." Dis waar jy gebore word.

86 Die kleintjies word gebore in die skeur van die rots. Hulle weet niks van die winde af nie. So die eerste winde wat hulle voel, word gewaai deur die moeder se vlerke, nie een of ander wêreldse, kerk-gemaakte teologie nie.

87 Maar 'n regte arend word gebore uit die Gees van God; God se arende, die eerste rukwind wat hy voel, dis nie een of ander soort gemaakte emosie nie. Dit word na hom gewaai deur die Woord van God en skud elke veer los in hom. Hy gaan deur die toets. Hy maak gereed om te vlieg.

O, God, sou die kerk skud, vandag, met die Woord; om al die los puntjies los te waai, die ismetjies, en klein *dit*, en *dat*.

88 En terwyl sy hulle waai, en wanneer al die los vere uitgewaai is, dan val sy onder in die nes, en sy neem haar vlerke reg langs haar sy, en sy sprei hulle uit. O, ek hou daarvan. Sprei hulle net uit, en elke klein arendjie klim op haar vlerk.

89 Nou, onthou, haar vere, jy kan hulle nie met 'n tang uittrek nie. En daardie arendjies kry sy voetjie veilig en sterk vas in hierdie vlerkvere wat getoets is.

90 Wat is die Vlerk? Die Woord. En elke kind van God trotseer sy geloof, hou aan God se Ewige Woord vas, wat getoets is deur die tye, vir jou eerste solovlug.

91 Sy gaan hulle 'n ondervinding gee. Die rukwind was net om die los vere uit te haal, sodat hulle s'n reg kan sit. Hulle mag dalk 'n gat in hulle vlerk hê, 'n paar vere wat weg is. Dan wanneer hulle gereed is, hulle snaweltjies. . . Kyk, hulle neem hulle snaweltjie en strek uit en kry 'n goeie sterk veer beet in moeder se vlerk en sy skud dit. Net op 'n manier, weet hulle hoe om dit te doen. Hoekom? Hulle is natuurlike arende. Jy kon nie 'n hoender kry om dit te doen as jy moes nie. Hy weet niks daarvan af nie.

92 Dis hoekom party van hierdie koue, formele, sogenaamde, moderne godsdiens niks van die salige ondervinding van 'n hoër en beter lewe af weet nie. Hulle weet niks daarvan af nie. Hulle sê: "O, daardie Bybel is verkeerd vertaal. Dis *dit, dat*, en die *ander*."

O, broer, as jy siek is vanmôre, kry jou houvas op elke Woord van God en maak gereed vir 'n vlug.

93 Moeder haal jou uit die bed uit. Moeder wil jou nie daar hê nie. Moeder is vasbeslote dat haar kinders nie gaan wees soos (haar kleintjies), soos daardie ou hen se kleintjies, daaronder op die plaaswerf nie. Sy wil hulle nie so hê nie, so sy moet vir hulle 'n ondervinding gee. En om hierdie ondervinding te kry, hou hulle vas aan die Woord, die Vlerke. Hou vas en lê net daar. O, dis so dramaties om hulle dit te sien doen.

94 O, ek het eendag daar op my maag gelê oor 'n rots daar oorkant, by Corral Peaks, Broer Wood; en ek het gehuil soos 'n babatjie tot ek uitgekom het, ek het geskree. Ek het selfs my perd laat weghardloop. O, ek kon dit nie help nie, maar ek het gedink: "O, jou klein kêreltjie: Al die henne, en al die kraaie, en al die aasvoëls in die wêreld, kan vir jou sê dat daardie veer nie gaan hou nie. Jy weet beter, want jy's 'n gebore arend." O, as jy 'n gebore kind van God is, kan jy jou anker haak aan enige Goddelike belofte en dit vashou. Absoluut, jy weet.

Op Christus, die vaste Rots, staan ek;
Alle ander grond is dryfsand.

95 Niks sal jou beweeg nie. "Hierop sal Ek My Kerk bou," het Jesus gesê: "en die poorte van die doderyk sal nie Daarteen standhou nie." Niks sal dit ooit beweeg nie. Dis die onbeweeglike Rots van God se Ewige Woord. Reg in die ure van die dood, wanneer alle hoop weg is, kan 'n weer gebore kind van God sy plek inneem op God se Ewige Woord, en oorkant toe kyk verby hierdie trane, en sê om te kyk na Hom wat gesê het: "Ek is die Opstanding, en die Lewe." Selfs die dood self sal hulle nooit skud nie. Hulle is arende. Hulle is Hemel-gebore voëls. Hulle natuur in hulle is ontwerp om dit te glo en daarop te vertrou.

Wanneer sy skree, ken hulle die stem. Sy preek vir hulle. Sy sprei haar Woord uit, die Woord van God, haar groot Vlerke.

96 Dis wat Hy vanmôre uitsprei vir julle siek mense. Julle siek mense wat lyk asof julle julle hele lewe lank daar gaan sit, as die duiwel julle kan kry om dit te glo, het hy julle. Maar julle, dierbare, klein arendjies, God sprei Sy Woord uit: Lê daarop. Staan daar. Moenie dat niks julle skud nie. Sy is tydsbeproef.

97 As jy 'n sondaar is, en bang om te sterf: "Wat sal ek doen Broer Branham wanneer die . . . hierdie brose draadjies van die lewe begin breek en my siel val êrens in wat ek nie ken nie?" Plaas jou geloof in Sy Woord: "Ek sal weer kom, en julle na My toe neem; sodat julle ook kan wees waar Ek is. Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die ewige Lewe. Hy wat My vlees eet, en My Bloed drink, voed uit My snawel, het die ewige Lewe; en Ek sal hom oprig op die laaste dag."

98 Wanneer in al die aardse beproewinge anderkant die donkerwordende sluier, en die trane en hartseer van hierdie lewe, die ware arend sy kloue daar inslaan, en gesê het: "Op Christus die vaste Rots staan ek. Op die vlerk van my moeder sal ek rus,

terwyl ek aan die vlerke van die Kruis vashou, in die wete dat die versoening daardeur gebring is."

99 Sy neem hulle in die lug op. O, hoe as jy vashou aan God se onveranderlike Woord, jy sal hê jou. . .jy sommer gou 'n toetsvlug sal kry.

100 Nou, die ou moeder sprei haar vlerke uit, en daar trek sy in die lug op. Sy kan jou nie hier los op die aarde en vir jou 'n ondervinding gee nie. Sy moet jou hoog op kry.

101 Probleem is vandag, ons modder-kruip. Ek het altyd vir my pappa vertel ek kan swem. En ek sou van 'n ou kissie afspring in omtrent 'n voet water in, en modder wat oral vlieg, en my hande geslaan soos daardie. Ek het eendag vir my oom gesê ek kon, en hy het 'n roeispaan gevat en my in omtrent ses voet water ingestoot: Dit was anders. Dis wat die kerk vandag doen, dit modder-kruip. Dit gaan net kerk toe en sing 'n lied en gaan huis toe.

O, die uur is op hande waar ons moet uitvaar.

102 Hierdie moeder-arend, wanneer sy haar vlerke uitgesprei het, haar woord, elke klein arendjie wat aan 'n sekere belofte vashou, styg sy op met daardie groot meesterlike vlerke met haar kleintjies wat daarop sit. Sy gaan aan en aan, aan, terwyl hulle vashou. O, hulle sal nie laat los nie. Hulle is arende. Hulle mag regdeur 'n storm gaan. Dit maak geen verskil nie. Hulle hou vas.

103 En wanneer jy, as 'n arend, as God ooit die belofte in jou hart gesit het, kan die dokter sê jy gaan môre sterf, maar jy sal vashou. Elke skudding, elke storm, en elke hoë en stormagtige wind, hou my Anker agter die sluier. Ek sien nie hoe ek daardeur gaan kom nie, maar ek hou aan hierdie Anker vas.

104 Aan, aan, en aan, en aan, totdat sy hoog in die lug opgaan. En wanneer sy so hoog is dat jy haar skaars nog kan sien, doen sy 'n vreemde ding: sy skud hulle elkeen van haar af, net daar in die lug.

O, daar moet 'n tyd wees waar jy by daardie plek moet kom.

Waarom gaan sy so hoog? Hulle is arende. Hulle kan nie so hoog gaan as hulle nie arende is nie. Hulle sou sterf voor hulle daar kom, maar hulle is arende.

105 En 'n ware gelowige, maak nie saak wat die ateïste sê, wat die. . .enigiemand anders sê nie, as hulle God se arende is, sal hulle by die Woord bly, laat dit hulle vat waar hulle wil.

106 En wanneer hy daarbo kom, skud hy haar vlerke soos *daardie*, en die arende val in alle rigtings. Sy skree. Wat doen sy? "Kinders, julle is op julle eie." Daardie kêreltjies begin hulle vlerke klap doer ver in die lug waar 'n kraai of valk of niks hulle ooit kan vang nie.

107 Dis hoe God jou neem. Hy neem jou na 'n nuwe ondervinding waar kerke en denominasies of niks anders ooit sal volg nie. Wanneer Hy jou eenkeer losskud, op jou eie.

108 En wanneer hulle losgeskud is, verlaat die moeder hulle? Nee, beslis nie. Sy sirkel om hulle en begin om hulle dophou, elkeen. En hoeveel pret moet sy hê om daardie kleintjies dop te hou, onderstebo en alles, wat net klap met alles wat in hulle is. Is hulle bang? Nee, hulle is nooit bang nie, want hulle vertrou op die alomteenwoordigheid van hulle moeder en haar totale vermoë om hulle weer te vang. En as een dalk die pad byster raak, aan die diep kant beland, weet julle wat doen sy? Sy swiep onder hom in, tel hom op op haar vlerke, haar woord, en dra hom weer na genade toe.

Geen wonder ek's 'n Calvinis nie. Amen!

God reik af met Sy Woord en kry Sy arend, dra hom weer boontoe.

109 So hulle is sorgvry; hulle klap en klap en skree en gil net en hou 'n regte Pinksterherlewing. Daardie kleintjies, partymaal sal hulle omval en onderstebo draai, en hulle gee nie om nie. Mamma hou hulle dop. Ja, meneer, sy seil reguit om hulle, reg rondom. En die vreemde ding, sy kan elkeen van hulle optel. As enigiets begin gebeur, laat los sy net hierdie kreet, en gooi haar woord soos *daardie*, en hulle duik reguit in daardie vere in soos *daardie*, en hou net vas vir hulle lewe. Wat 'n wonderlike voël.

Wat 'n wonderlike Verlosser. Ja, wat 'n wonderlike Verlosser.

110 Dan, wanneer sy afkom, na hulle rondgegooi is en alles deur die toetsvlug, hulle eerste vluggie, dan gooi sy haar vlerke uit en skree. Sy tel hierdie een op, sy tel daardie een op. O, goeiste. Dan vat sy hulle af in die vallei. Hulle was nog nooit vantevore daar gewees nie. Hulle was nog net in die ou nes, die stink nes, wat stink. Sy vat hulle af in die vallei waar die kabbelende water vloei.

"Die Here is my herder;" het Dawid gesê: "niks sal my ontbreek nie. Na waters waar rus is, lei Hy my heen." Hoe wonderlik.

111 Eenkeer, is daar vertel, dat 'n boer 'n hen laat broei het en hy het 'n arend-eier onder die hen gesit. En so, nadat die hen al 'n tydjie gesit het, het sy . . . Ek wonder hoeveel vroue hier weet wat 'n broeisel eiers is? O, hierdie boere sou weet. Vyftien is 'n broeisel, dink ek. So hy het veertien eiers gehad, so hy het een arend-eier onder dit ingesit. Dis omtrent hoe dit is, net omtrent een uit 'n broeisel is omtrent hoe jy dit kry. So, hy het die ou hen laat broei, die atmosfeer op die plaaswerf. Uiteindelik, na 'n tydjie, het hulle almal uitgebroei. Toe hierdie arendjie uitgebroei is, was hy 'n—'n snaakse voël vir die res van hulle. [Leë kol op band—Red.]

En dis hoe 'n regte arend, wanneer hy gebore word in een van hierdie moderne, sogenaamde gesofistikeerde kerke, hy soort van 'n verstoteling is.

Hy kon nie die—die gekloek van die hen verstaan nie.

En dis hoe die ware Christen is wat gebore is in een van daardie henne se neste vandag. Hulle kan nie verstaan nie.

112 "O, komaan, kinders. Net 'n . . . o, dis alles reg." Die ou hen lei hulle uit op die plaaswerf en hulle krap in die mishoop en alles. Die arend kon dit nie eet nie. Hy het 'n ander natuur gehad. Hy was net omtrent dood van die honger. Dis hoe 'n regte Christen raak in een van hierdie ou lykshuise.

113 "O, kom sluit aan by die kerk. Sit jou naam op die boek. En, o, dis alles reg. Jy kan jou kortbroek aantrek en die gras sny in die middag. Ek dink dis koel." Dis belaglik. En die regte arend weet beter. "O, 'n sosiale drankie sal niemand seermaak nie." Dis sonde. Die regte arend weet dit. "Daar's niks verkeerd met sigarette rook nie." Die regte arend weet beter, sy natuur verskil.

114 Hy het net uitgehou met daardie ou klomp hoendertjies. Ou mammie sou sê: "Komaan hiernatoe." En hulle sou net krap en 'n lekker tyd hê met 'n groot: "O, wel, ons sal 'n bunkospel hou. Ons sal die pastoor betaal." Die arend het buite gestaan. Hy wou niks daarmee te doen hê nie. Nee, meneer. Net iets aan hom wat anders was.

115 Het julle al ooit een gesien wat so in 'n hen se nes uitgebroei was? Ek bedoel een van hierdie moderne kerke? Hulle staan op met die doksologie en Apostoliese Geloofsbelydenis, en sing 'n paar liedjies, en praat oor die blomme, en gaan huis toe. Daardie arend is nie gevoed nie. Dis aasvoëls. Hy kan dit nie uithou nie. So, hy sou volg soos 'n ou lelike eendjie, julle weet, aan die agterkant.

116 En die ou hen sou een of ander soort van 'n sekere soort van 'n —'n—'n ding kry, en sy sou 'n sekere ding vir haar hoenders kloek wat sy in die mishoop gevind het, en sy sou vir haar hoenders kloek. Ou arendjie sou net naderstap en daarna kyk, sê: "Ek kan net nie deel wees daarvan nie." Dank God vir Sy natuur.

117 Dis hoekom ek in uitverkiesing glo. Jy is wat jy is deur die genade van God. Nie dat jy jouself enigiets gemaak het nie, dis wat God, deur Sy soewereine genade, jou gemaak het voor die grondlegging van die wêreld. Jy kan probeer goed wees en kerk toe gaan, as jy wil. "Dis nie hy wat wil, of hy wat loop nie, maar dis God wat genadig is." Dis reg.

118 Hy's 'n arend van die begin af. Hy kan dit net nie uithou nie. Moenie bekommerd wees nie. Hulle mag sê: "Moenie na daardie klomp holy-rollers, *dit*, *dat,* of die *ander*, toe gaan nie." Moenie bekommerd wees nie, hy is op pad soontoe net so seker soos enigiets.

Nou, kyk. Daardie ou hoendertjies het rondgegaan, hulle het gedink hulle het 'n wonderlike tyd gehad.

119 Maar, julle weet, eendag toe hulle buite op die plaaswerf was, het daar 'n kreet deur die lug getrek. Die ou moeder het daar verbygevlieg, sy het afgekyk. Sy het hierdie kleintjie gesien agterna sleep, en kyk.

O, broer, Sy oog is op die mossie. Hierdie een ding weet ons, God ken Sy Eie.

120 Die ou moeder-arend het oor hierdie plaaswerf gekom en sy het afgekyk. Sy het haar kleintjie gesien. Die boer het hom gesteel. Dis reg, 'n eier uit haar nes uit, maar dit was hare. Sy het vir hom geskree: "Skat, seun, jy's nie 'n hoender nie, jy's 'n arend. Jy is myne. Ek het jou kom kry."

121 Ek onthou die aand toe God daardie skree vir my gegee het: "Jy's nie van hierdie wêreld nie. Jy's nie van daardie hoenders nie. Jy's nie 'n hoender om mee te begin nie. Jy's 'n arend. Jy's Myne, en Ek het jou kom kry."

"Nou, skat, op en luister na my woord. Maak net 'n sprongetjie en klap jou vlerkies." Sy sirkel om die plaaswerf.

O, ek bid dat Hy op hierdie oomblik om die plaaswerf sirkel: "Jy's Myne. Jy behoort aan My."

122 Daar's iets aan daardie stem wat hy verstaan het. Wel, dit was: "Totsiens hoenderwerf." Hy het 'n yslike groot klap gemaak met sy vlerkies en hy het reg bo-op die plaaswerfpaal geland. Hy het gesien hy het iets gedoen. Ek sou sê, hy het toe by 'n denominasie aangesluit, reg in die middel van 'n Pinkster organisasie beland.

Sy moeder het weer geskree, gesê: "Skat, jy moet hoër opkom as dit."

Ek dink ons moet, ook. Ons moet hoër kom as onder 'n organisasie, of 'n denominasie of 'n belydenis.

123 Sy het gesê: "Maak net eenvoudig nog 'n sprong en klap met alles wat in jou is. Ek sal jou op my vlerke vang, en ek sal jou opneem na die plek toe waar jy behoort te wees."

124 Daar's dit vanmôre, vriend. Jy mag siek wees. Jou kerk mag dalk nie in Goddelike genesing glo nie. Jy mag 'n sondaar wees. Jou kerk glo nie in die doop van die Heilige Gees nie. Maar daar's iets in jou wat roep na God. Hoekom? Jy is 'n gebore arend. Hy's hier vanmôre om jou weg te dra. Sy Woord sê so. Laat ons net, wanneer Hy Sy Woord uitsprei, kom ons vestig ons hoop vanmôre, reg op Sy ewige belofte. Wanneer die dood ons uiteindelik tref: "Ek sal geen onheil vrees nie: want U is met my; U stok en U staf die vertroos my."

125 Terwyl ons aan hierdie dinge dink terwyl ons ons hoofde 'n oomblik buig. Ek wonder vanmôre, terwyl ons in die gebou is, of

daar 'n arend hier sou wees, vanmôre, wat jy al vir baie lank op 'n plaaswerf rondloop. Jy's siek en sat vir daardie goed, om net voor te gee jy's 'n Christen, 'n onverskillige lewe te lei.

126 En op een of ander manier, was daar 'n sekere windjie wat oor jou siel gewaai het, vanmôre, deur die prediking van die Woord. Weet jy wat dit is? Dis Moeder wat die vere los waai wat wil loskom, die goedjies van die wêreld waaraan jy vasgehou het wat jou weerhou het om 'n ware Christen te wees: daardie bietjie twyfel; daardie bietjie vrees; daardie bietjie wêreldsheid waaraan jy vashou; daardie groepie saam met wie jy rondloop. Laat daardie wind al daardie vere wegspoel van jou vanmôre, en kom dan na die Vader se huis toe. Hy's gereed om jou vandag op te dra.

127 Sal jy jou hand opsteek, enigiemand met 'n behoefte daaraan? En sê: "Broer Branham, onthou my vandag in gebed terwyl jy bid." Sal jy opsteek . . . ? God seën jou, dame. Jou, broer. Jou, jou. O! God seën jou daaragter, broer. En jou, my broer . . . [Leë kol op band—Red.]

Tyd is gevul met snelle oorgang,
Niks op aarde sal bly staan,
Bou jou hoop op Ewige dinge,
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Bou jou hoop op Ewige dinge,
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
(Luister . . .)
Wanneer ons reis dan hier voltooi is,
Ons getrou was aan ons God,
Wonderskoon ons huis in Heerlikheid,
Wat ons weggeraapte siel dan sal aanskou!
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Bou jou hoop op Ewige dinge,
Hou vas aan God se onveranderlike hand!

128 Nou, mag die Here se genade met julle wees, oorvloediglik op julle rus. Vir julle wat julle hande opgesteek het, vir julle wat dit moes gedoen het, sien, aanvaar dit net nou op grond van, nie van emosie nie, maar op grond daarvan dat God die belofte gemaak het en die Gees met jou gepraat het. Jy was lank genoeg in die nes. Jy's 'n arend. Stel net jou geloof reg in Sy belofte. En jy's 'n Christen. Maak nie saak hoe hard die wind skud nie, hou net reg daaraan vas.

129 Ek het 'n ou moeder-arend, eendag, haar kleintjies sien vat toe 'n prêriewolf nadergekom het. Wel, sy sou daardie prêriewolf stukkend geskeur het. Sy het haar vlerke oopgesprei, en daardie kleintjies het op haar vlerke gespring. Daar was 'n storm op pad,

en daardie wind wat oor daardie berge gekom het en rotse gerol het, sestig myl per uur, reken ek. Sy het net reguit deurgegaan in daardie gat in; reg in die skeur van die rots in het sy gegaan met haar kleintjies.

130 Storms van die lewe raak erg. Eendag kom jy af na die Jordaan. Dis reg. O, ek het dit klaar uitgepraat met Hom. Ek wil geen probleem *dan* hê nie. Ek wil dit *nou* afhandel. Dit gaan erg wees op daardie oggend: Broer, die maan gaan nie sy lig gee nie; die son gaan swart en bloederig word; die sterre sal skud, soos die ontydige vyeboom wat skud met haar vye; die aarde gaan oopbars; duiwels wat skree; mense wat in die straat uithardloop. Ek wil geen probleme *dan* hê nie. Ek wil *nou* seker wees hiervan. Ek het dit klaar uitgepraat met Hom. *Nou* is die tyd om dit uit te praat met Hom, nie *dan* nie, *nou*; dis te laat *dan*. Ek wil my kaartjie in my hand hê. [Leë kol op band—Red.]

131 Ek wil hê julle moet dit goed verstaan. Ek het uitgevind, en gisteraand of vanmôre, vroeg, het die Here gespreek toe ek gebid het, in die kelder ingegaan gister, 'n tyd lank op my knieë gebly daar voor God in gebed. Dit het geblyk dat hierdie by my opgekom het: Ek het gesê: "Môre-oggend vir 'n klein vaarwel, soos ek gedoen het, begin ek vanmôre, nie soos Dawid wat Goliat ontmoet het nie, maar soos die arend wat in die lug opstyg." Sien, in die nuwe tipe.

132 Let op, ek wil hê julle moet dit in julle geheue merk, natuurlik is dit op die bandopname hier. Nou, die een ding wat fout is met die mense dat hulle nie genees word nie, is nie omdat . . .

133 Kyk, ek het gewonder: Hier sit een, genees; hier's die ander een, nie; gaan aan, en aan, en aan; hier's nog een; hier, nog een. Daar's iewers iets verkeerd. Ek dink dis dit: Dis 'n kompleks wat mense opbou, veral mense wat al 'n tyd lank siek is.

134 Nou, julle nie . . . julle sal my kwalik neem as ek julle sê, maar dis waar: Jy vat 'n kind wat bederf is, daardie kind bereik 'n punt waar hy net bederf wil word. Dit bou 'n kompleks op. Jy kan niks doen met daardie kind tot jy hom baie goed skud nie.

135 Nou, daar's 'n tyd wat 'n persoon siek word. Hulle bejammer hulleself. "O, ek's in so 'n toestand. O . . ." Ek het al gebid vir mense wat sê: "Wel, ek dink nie ek voel enigsins beter nie." Jy sal nooit beter voel so nie. Dis nie dit nie. Dis . . . As—as dit die gesindheid is, moet Hom glad nie eers nader nie, want dit—dis nie reg in Sy aangesig nie. Moenie 'n kompleks hê nie, maar kom met 'n sterk, robuuste geloof. Dis 'n afgehandelde ding. God het so gesê, en hierdie handel dit net nou af.

136 Daar's 'n suster vir wie ek gewoonlik bid, ek dink sy, Mev. Rooks, wat daar sit. Ek het altyd van die benadering van Suster Rooks gehou. Sy is genees, sterwend aan 'n kanker, hieronder by die hoërskool die aand wat ek die diens gehad het. Dit het 'n paar dokters verstom. Maar sy is genees. Wel, sy het na my toe gekom

hier, nie lank gelede nie, met iets anders wat verkeerd was met haar. Sy het net opgekom en gesê: "Broer Branham, bid net vir my." Opgegaan, vir haar gebid. Hulle het gesê dat sy sou wees . . . O, gesê: "Dis alles afgehandel. Dis alles verby, sien. Hulle het vir my gebid, dit—dit handel dit af. Dis al." Nou, dis waarvan ek praat.

137 Nie om te sê: "Wel, kom ons kyk. Nee, ek glo nie ek voel enigsins beter nie." O, genade. Moenie so kom nie. Dis verby wanneer God se Woord gehoorsaam word, dis verby. Kry net jou houvas soos daardie arend. Laat die wind skud, hou net daar vas, dis verby. Weet julle wat ek bedoel?

138 'n Kompleks, selfbejammering. Dan is jy in 'n jammerlike toestand. Dit is regtig waar. Wanneer jy jouself begin bejammer, wil jy hê almal moet jou jammer kry, en jy bejammer jouself.

139 Ek het daardie punt bereik eenkeer deur net daar op die stoep te sit met 'n ineenstorting. Agt dae in dienste gebly sonder om uit te kom vir kos, of enigiets, of slaap, net reg op die platvorm gebly en vir die siekes gebid. Ek het 'n punt bereik en ek het gesê: "O, wel, ek—ek kan net glad nie beter voel nie."

140 Eendag, het ek 'n Kreet gehoor, en ek het Dit in 'n klein boekie gehoor met die naam van *Christen Belydenis* deur F. F. Bosworth, dat Christene, hulle bely, nie wat hulle sien nie, maar wat hulle glo. Maak nie enige verskil waarna jy kyk nie, jy nie . . . ons sien nie met ons sig nie. Ons sien met ons geloof.

141 Ons noem daardie dinge, Abraham, het daardie dinge genoem wat nie was soos hulle . . . asof hulle was. Hy het bely dat hulle was. Wanneer daar nie een is, daar geen moontlikheid êrens is dat dit ooit kan gebeur nie. Hy was 'n honderd jaar oud. Sara was negentig. Maar hy het gesê: "Ons gaan die baba kry." Sara se skoot was dood. Hy was self so goed soos dood, maar hy het God op Sy Woord geneem, en geglo Hy was in staat om dit te doen wat Hy belowe het. En God het dit laat gebeur.

142 Wat van Daniël in die leeukuil, honger leeus? Wat van die kinders, Hebreeuse kinders in die vuuroond? Wat van die vrou met die bloedvloeiing vir twaalf jaar? Sy het nooit haarself bejammer nie. Sy het gesê: "As ek Sy kleed aanraak, sal ek gesond word." En sy het dit geglo. Dit het vir Jesus gestop. Wat van blinde Bartiméüs, toe hulle hom probeer stilhou het? "Jy . . . Hy het geen tyd om met jou te lol nie." Hy het harder geskree, net om Hom die Woord te hoor sê. Dis reg. Wat van die Romeinse hoofman oor 'n honderd? Gesê: "Here, ek's nie werd dat U onder my dak inkom nie: spreek net die Woord, en my dienskneg sal lewe." Daar het julle dit.

143 Geen selfbejammering nie, spreek net die Woord: "Ek is die Here Wat al jou krankhede genees." Ek gee nie om wat jou toestande is nie, as jy die vlerke van God se Ewige belofte beetkry vanmôre en sê: "Dis myne. Dit behoort aan my. Iets in my het

my na hierdie tabernakel toe geroep om voor gebid te word, ek gryp die Woord vas, en maak nie saak watter vorm nie, ek bly reg daarby." Jy sal gesond word.

144 Nou, speel vir ons *Die Groot Geneesheer*. En hulle wat nie kan opstaan om te kom nie, ons sal vir julle kom bid. Ek gaan vir die predikers hier vra wat vir Christus ken . . .

Soos Die Arend Haar Nes Opwek AFR57-0714
(As The Eagle Stirreth Up Her Nest)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 14 Julie 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org